

OBSA
11492

LEN. 50/19

ML 134

60125

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Leningno 1507338

11492

SKULDBEWYS INGEVOLGE DIE WET OP DIE LENINGSFONDS VIR PLAASLIKE
BESTURE, 1984 (WET NO 67 VAN 1984)

Ons, die ondergetekendes, in ons hoedanighede van onderskeidelik
Burgemeester en Stadsklerk van die
Munisipaliteit Ceres en behoorlik daartoe gemagtig, erken
hiermee


- (a) dat die genoemde plaaslike owerheid van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture die som van R. 31 000,00 (Een en dertig duisend rand) ontvang het, synde die kapitale bedrag van 'n lening deur die Raad van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture kragtens die bepaling van die Wet op die Leningsfonds vir Plaaslike Besture, 1984 (Wet No 67 van 1984), aan die genoemde plaaslike owerheid toegestaan vir 'n tydperk van 15 jaar wat eindig op 31 Desember 2011;
- (b) dat die genoemde plaaslike owerheid ten volle bewus is van die voorwaardes waarop die lening toegestaan is, soos meer ten volle uiteengesit in die leningsaanbod F.52/6/2-C3 gedateer 23 Mei 1996;
- (c) dat die lening toegestaan is vir doeleindes van stormwater;
- (d) dat die kapitale bedrag van die lening, soos van tyd tot tyd uitstaande, rente dra teen 'n vaste rentekoers van 15,79% per jaar;
- (e) dat die bedrag van die lening aan die Raad terugbetaalbaar is in halfjaarlikse paalemente ooreenkomstig die voorwaardes vervat in die voormelde leningsaanbod;
- (f) dat die bedrag van die lening uitsluitlik vir die doeleindes soos voormeld aangewend mag word, by gebreke waarvan die volle uitstaande bedrag met rente onmiddellik betaalbaar sal word;

en ons beloop hiermee in ons voormelde hoedanighede ten behoeve van die gemelde plaaslike owerheid om

- (g) die bedrag van die lening uitsluitlik aan te wend vir die doeleindes voormeld;
- (h) die voormelde rente en kapitaal halfjaarliks op 30 Junie en 31 Desember te betaal.


Ons bevestig verder dat indien enige bedrag nie op die vervaldatum betaal word nie, die volle uitstaande bedrag tesame met rente onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees.

GETUIE: 


GETUIE: 

PLEK: Cape Town

DATUM: 15.7.1996



BURGEMEESTER/VOORSITTER



STADSKLERK/SEKRETARIS

(LLF1005\B:WP51)

28 Junie 1995